# DIE HISTORIESE PEDAGOGIEK IN SY BESTAANSRELASIE

J. J. PIENAAR (ZUID-AFRIKA)

*Oriëntasie*

Daar is met waardering kennis geneem van die twee artikels van I. van der Velde en N. F. Noordam [1], want die benadering van hierdie twee skrywers met betrekking tot die Historiese Pedagogiek en die bevordering daarvan hou iets goeds vir die toekoms in. Daar is egter een faset wat nadere verduideliking regverdig en in hierdie artikel die aandag sal opeis.

'n Vraag wat onwillekeurig na vore tree, is waarom die Historiese Pedagogiek vandag dikwels misken word soos bogenoemde skrywers tereg beweer. Miskien kan die volgende soekende antwoorde op hierdie ingewikkelde probleem gegee word:

1. Die oorbeklemtoning van die nuttigheidsidee of nuttigheidsbesef – die hedonistiese aangegrypenheid van die 20 ste eeuse mens – het daartoe aanleiding gegee dat dit wat pragmatiese waarde het, uitgelig is tot 'n nuwe aktualiteit en daarmee dïe historiese ingesteldheid ongelukkig in 'n groot mate oorboord gegooi.

2. Die geweldige en allesomvattende begeerte van die mens om langs die weg van die natuurwetenskappe en deur gebruikmaking van nuwe methodes 'n groter en objektiewer greep op die „Dasein" van die mens te kry, het die mens se sin vir die verlede verflou. Die mens moes ontleed, getoets, in kompartemente verdeel word om sodoende soekende te tas na die wese van menswees. Derhalwe het die empiriese ondersoek, die empiriese metode en die empiriese mensstudie 'n brandende noodwendigheid gekry ten koste van die historiese ingesteldheid.

3. Heeltemal tereg noem Noordam die gebrek aan historiese metode as een van die oorsake vir onhistoriese navorsing wat dié besondere deeldissipline dan ook groot skade berokken. 'n Verantwoorde poging om die historiese metode soos toegepas in die Historiese Pedagogiek nader toe te lig behoort 'n aktuele bydrae te wees.

4. Die Historiese Pedagogiek in Suid-Afrika het homself vereensaam deurdat by die historiese navorsing daar alleen gekonsentreer is op die blote historiese weergawe van die kultuurpatroon sonder om altyd daaruit dan 'n opvoedingsbeeld te konstrueer.

Juis hierdie toestand verklaar die dringendheid daarvan om tot 'n herwaardering van die verhouding van die Historiese Pedagogiek tot die Pedagogiek en die Geskiedenis te kom en die pedagogiese (sinfundering)

daarvan opnuut te beklemtoon.

*Bestaansgrond*

Uit die artikels van Van der Velde en Noordam spreek 'n dringende soeke na 'n nouer en beter relasie tussen beoefenaars van die Geskiedeniswetenskap en die Historiese Pedagogiek wat nadere ondersoek regverdig. Die aktuele vraag wat by die lees van bogenoemde artikels onmiddellik opval is of die Historiese Pedagogiek deeldissipline van die Geskiedenis of van die Opvoedkunde moet wees. Die antwoord hierop is deurslaggewend, want word die Historiese Pedagogiek deeldissipline van die Geskiedeniswetenskap dan het dit sy pedagogiese gesitueerdheid verloën en is dus geen pedagogiek meer nie. Hoewel dit erken moet word dat daar noue skakeling tussen beide wetenskappe bestaan, is elkeen nogtans radikaal verskillend van die ander met elkeen sy eie vertrekpunt, sy eie toepassing van die historiese metode en sy eie studieveld. Teenoor die Geskiedenis wat die menslike gebeurtenisse (kultuur-histories) bestudeer in soverre as wat dit verlede geword het, is die vertrekpunt van die pedagoog die kind in sy opweg-wees-na-volwassewording. Reeds op hierdie vroeë stadium blyk die wesensverskil tussen beide genoemde wetenskappe.

Die vertrekpunt by al die deeldissiplines in die Opvoedkunde is die kind in sy steeds veranderende situasie en in hierdie sin moet die Historiese Pedagogiek nie alleen integrale deel vorm van die Pedagogiek in die algemeen nie, maar ook pedagogies gefundeerd bly. Nie alleen sal die Geskiedeniswetenskap en die Historiese Pedagogiek mekaar kan uitsluit nie; hulle sal mekaar ook radikaal kan weerspreek. So sal die geskiedkundige byvoorbeeld kan aantoon dat in Duitsland gedurende die jare 1933-1940 onderwys en opvoeding 'n magtige instrument was in die ekonomiese, sosiale, politieke en militêre magsvertoon, maar die pedagoog sal kan bewys dat die pedagogiese norme verkrag, pedagogiese prinsipes en standaarde oorboord gegooi is en dat gedurende dié tydvak eensydig, propagandisties en in 'n groot mate onpedagogies opgetree is.

Die Historiese Pedagogiek *kan* van die Geskiedenis egter ook veel aanneem en oorneem, maar dan moet dit geskied uit 'n pedagogiese noodwendigheid en pedagogiese gemotiveerheid. Historiese Pedagogiek is iets anders en iets meer as die geskiedenis van opvoedkundige aangeleenthede en juis deur die pedagogiese gesitueerdheid daarvan kry dit 'n eie terrein en eie karakter langs die ander deeldissi-

plines van die Pedagogiek. Geschiedenis is dan 'n hulpdissipline daarvan soos Sosiologie, Psigologie en Filosofie hulpdissiplines is wat deur die opvoedkundige vanuit die pedagogiese denke geïnterpreteer word om vir die Pedagogiek betekenisvol te wees.

*Deeldissiplines*

Die deeldissiplines in die Opvoedkunde kan onderskei word as 'n ondersoek na: die feitelikhede wat is (Empiriese Opvoedkunde); die hulpverlening aan en die verskaffing van middele vir die kind in sy volwassewording (Didaktiese Opvoedkunde) en die radikale deurdenking van die opvoedingsverskynsel as 'n gerigtheid op menslike toekomstigheid (Teoretiese Opvoedkunde of die Filosofie van die Opvoeding). Die Historiese Pedagogiek word dikwels oor die hoof gesien of saamgegroepeer met 'n ander deeldissipline. Dit is egter 'n onomstootlike feit dat die opvoedingsituasie nie net om die *nou* wentel nie, maar dat dit ook uit die *verlede* gekonsipieer kan en moet word. Sonder 'n historiese verankerdheid kan die dinamiese proses van empiriese werklikheid (nou), didaktiese hulpverlening (op-weg-wees) en die teoretiese moontlikheid (toekoms) nie na wense gedy nie, want dit is juis die Historiese Pedagogiek wat aan die ander deeldissiplines momentum gee. Die pedagoog wat byvoorbeeld nie by implikasie kennis geneem het van die veranderde oriëntering ten opsigte van die menswaardigheid van die kind deur die eeue nie, sal nie die empiriese situasie van die huidige interpretasie van menswaardigheid, die voortdurende hulpverlening aan die kind in die verwerwing van die menslike as uitdrukking van menswaardigheid en die besinning oor die toekomsbeeld van die kind as draer van waardigheid reg kan begryp en waardeer nie. Die Historiese Opvoedkunde gee blyke van 'n veranderende kindbeeld en 'n veranderende opvoedingsbenadering deur die eeue.

Die Pedagogiek kan nie losgedink word van sy historiese verband nie. Daarom sou dit beter wees as die deeldissiplines van die Opvoedkunde gesien word as 'n ondersoek na die wydvertakte pedagogiese situasies in die verlede (Historiese Opvoedkunde); die analise van die feitelikheid wat is (Empiriese Opvoedkunde); die hulpverlening en bystand aan die kind in sy op weg wees na volwasse-wording (Didaktiese Opvoedkunde) en die besinning oor die opvoeding as menslike verskynsel waarvan die wese ewe min deurgrond kan word as die wese van die mens omdat dit juist menslik is om steeds nuwe moontlikhede aan te toon en toekomsgerig te bly (Teoretiese Opvoedkunde).

*Herwaardering*

Juis omdat van sekere opvoedkundiges soos Langeveld, Perquin, Oberholzer, Nel e.a. stemme opgaan vir die outonomie van die Pedagogiek moet die Historiese Pedagogiek meewerk om hierdie ideaal te verwesenlik. Die Historiese Pedagogiek kan dit alleen doen as dit in der waarheid deeldissipline van die Pedagogiek bly en daarteen waak om nie 'n blote kultuurhistoriese relaas van die opvoedingsverlede te gee nie, maar voortdurend trag om 'n weldeurdagte metabletiese beeld gefundeer op suiver pedagogiese kernmomente op te bou. Deur hierdie benaderingswyse sal die Historiese Pedagogiek eerstens daartoe bydra om die Opvoedkunde, in die dinamiese strewe na 'n eie veld vir wetenskaplike navorsing, te rugsteun en voorts self daarvan weerhou word om verstrengel te raak in dissiplines wat dit kan of mag misbruik.

Indien die Historiese Pedagogiker opnuut sou besin oor die pedagogiese norme sal dit noodwendig ook beteken dat daar *'n nuwe kyk op die pedagogiese verlede moet kom.* Hierdie toedrag van sake behoort veral in Suid-Afrika 'n heilsame uitwerking te hê. Pedagogiese norme soos die erkenning van die menswaardigheid van die kind, die geborgenheid van die opvoedeling, die opvoeder as steungewer op weg na volwassenheid, die interrelasie tussen opvoedingskomponente ens. kan help om die verlede te herwaardeer, 'n dieper insig te kry in sowel die wese van die opvoedingsverskynsel as in die Pedagogiek self. So kan byvoorbeeld die opvoeding by die Grieke opnuut belig word om na te speur watter bydrae dit lewer om die wese van die opvoeding beter te deurgrond. Veral in Suid-Afrika is 'n pedagogies-gefundeerde herwaardering van die Historiese Opvoedkunde en van die opvoedingswerk van die verlede (as tema van die Historiese Opvoedkunde) noodsaaklik om die opvoedingstaak in sy toekomsgerigtheid beter te begryp.

*Curriculum Vitae*

Jacobus Johannes Pienaar is op 25 Augustus 1933 te Bethulie in die Oranje Vrystaat, Suid-Afrika gebore.

Sy onderwysloopbaan het aan die Hoërskool Vryburg begin en agtereenvolgens op Uitenhage, Kimberley en Pretoria onderrig in Afrikaans, Letterkunde, Geskiedenis en Duits gegee.

In 1966 het hy die D.Ed.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf met 'n proefskrif getitel: „'n Histories-kritiese ondersoek na die aandeel van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in die opvoeding en onderwys van Blankes in Transvaal gedurende die tydperk 1902-1910."

Sedert Januarie 1964 is hy werksaam as lektor in die Departement Historiese Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika.